

**Donderdag 7 Julie**

**Skrifgedeelte: Handeling 17:16-34**

**Fokus gedeelte: Handeling 17:23 (AFR83 / AFR20)**

### **God in jou godplek**

Die mens het 'n natuurlike bewustheid van 'n hoër wese ('n god) of realiteit. Ons is gemaak om te aanbid, ons het 'n godplek in ons wese, en as dit nie God is wat ons aanbid nie, sal ons altyd iets anders aanbid.

Dit is wat Paulus raaksien as hy in Atene rondstap tussen al die afgodsbeelde. Die mense in Atene het gode gehad vir elke liewe aspek van die lewe. Maar hulle moes vir die gode sorg. Daar was selfs 'n god gewees vir die onbekende god, net vir in geval hulle êrens 'n god gemis het en hy dalk kwaad word omdat hulle hom nie aanbid nie.

Paulus gebruik daardie onbekende god as aanknopingspunt om die enigste ware God aan die mense van Atene te verkondig. Paulus begin by God wat die Skepper is en lewe gee, wat alles onderhou en vir ons sorg. Hy stel dit teenoor hoe belaglik afgode is wat versorg moet word en dood is. God is die enigste God wat red en vir ons sorg. Hy het dit gewys deur sy Seun te stuur wat gesterf het en opgestaan het en in Hom is daar redding!

Jy kan dalk dink afgode en afbeeldings bestaan nie meer vandag nie. Dit bestaan wel! Dit lyk net anders. Vandag is dit geld, mag, status, sport en vakansies wat in ons godplek kom en waarop ons ons hoop stel en waarvan ons sorg en seën verwag. Dit stel keer op keer teleur, want dit bring nie die soort vrede, vreugde en rus wat God gee nie.

God is die enigste een wat in ons godplek hoort. Hoe lyk jou godplek? Wat aanbid jy? Hou dit in jou agterkop as jy die evangelie deel met mense: alle mense aanbid iets. Gebruik dít as aanknopingspunt om die ware evangelie te verkondig.

*Sing: Psalm 16-3:1*

*Ds. RB Fourie (Reynold) (Bellville-Oos)*